Prediker: Gerhard vd Merwe 15 Maart 2026

## ***Skriflesing: Matteus 6:7-13***

Was jy al ongelukkig met jou gebedslewe? Het jy al gewonder of gebed werk? Het jy al skuldig gevorl omdat jy genoeg bid nie? Dan is vandag se preek vir jou. Net om seker te maak... Hier is vir wie die preek NIE is nie. As jou gedagtes nog nooit gedwaal het terwyl jy bid nie. Dis vir ons gewone mense. Wanneer ons groot vreugde of dankbaarheid ervaar, wanneer on sintense spanning of ond=sekerheid deurgaan, dan praat ons met Iemand. Dis net ingebore in ons. Om mens te wees is om te bid. En tog wonder ons... Is daar reels, doen ek dit dalk verkeerd? Hier in die middel van die Bergpreek kies Jesus om met ons te praat oor gebed.

Hy begin om te waarsku dat ons nie soos skynheiliges moet bid nie. Dis hulle wat mal is daaroor om op die prominente sigbare plekke in die sinagoge te gaan bid. Daar gaan mense jou raak sien en jou ophemel as n gebedsman. Maar ons doel is nie om n gebedsman te wees nie, maar n Godsman en vrou. Jesus het n oplossing hiervoor. Gaan na jou binekamer en sluit die deur agter jou. Nou die Joodse huis het nie deure gehad nie. Dikwels net een. Die stoorkamer. Dis waar voorrade gehou was. Dis waar jy gaan bid.

Die dieper probleem wat aangespreek word is die vraag na die sigbare nabyheid van God. Ons leef in n wereld waar was gesien kan word is werklik daar. Die onsigbare word gewantrou. Wat Jesus probeer oordra agter al die onderwerpe is dat God is n realiteit. Hy sien en hoor en gee om en stel belang. Hy wil ons lei om meer soos Hy te wees. Alle besighede wat jy vandag sien en n sukses is, was iewers in die verlede net n idee in iemand se kop. Selfone, sonpanele. Dit begin onsigbaar, en word later sigbaar. En dis waar ek en jy gebed ook moet sien. Dit begin onsigbaar, maar iewers kom die hand van God in beweging en dan word dit sigbaar.

Dis ook die probleem wat ons dikwels met gebed het... Ons dink omdat ons nie dadelik kan sien wat ons in die binnekamer gevra het nie, beteken dit dat dit nie gebeur nie. Jesus weet van dit.

Die een ding wat gebed anders maak vir Jesus as ons eie idees, is dat Jesus gebed sien as n deurdagte, intelligente gesprek oor wat ek en God saam doen. Ons gedagtes raak betrokke by God se idees. Oor waarmee God reeds besig is. En dan leer Jesus ons hierdie gebed bid.

Die gedagte is nie om deur die gebed te rammel sodatt jy met jou dag kan begin nie, maar ons jou gedagtes te deurdrenk met Sy gedagtes.

Ons Vader wat in die hemel is... Dit herinner onsd dat gebed is nie soos om hardop bekommerd te wees nie. Ons maak kontak met God. Die Oppermagtige lewende en teenwoordige God. Jy het n lewende Vader wat jou lief het en omgee en jou versorg. Het jy al agter gekom dat God se eertse reaksie is nooit, wat is dit nou? Wat wil jy nou weer he ? nie. As ek bid ONS Vader, herinner dit my dat ek spesiaal is, maar ook nie meer spesiaal as enige ander een nie. Elkeen wat ek sien word deur God liefgehe. Ons Vader wat waar is... in die hemele. Dis eintlik die korrekte vertaling. Meervoud. Wie is die

naaste aan jou. Jou buurman of die hemel. In Jesus se tyd het mense oor die hemele in 3 dele gedink. Daar is die sterre daarbuite, dan die lug daarbo en dan die lug rondom my. Soos die suurstof wat ons inasem. Ons sou ook kon bid... Ons Vader wat nader is as die suurstof wat ek inasem. Moenie dink Hy is ver weg iewers nie. Hier intens naby.

Laat U Naamgeheiliog word. Laat mense bewus word van hoe uniek en spesiaal U is. Mag U met diep eerlikheid aanbid en geloof word. Beginnende by my. Sommige mense wonder hieroor... Het God een of ander kleinlike behoefte dat mense met vertel hoe oulik Hy is? Instinktief weet ons dit is nie so nie. Die manier hoe ons gemaak is, is dat ons spontaan wil hande klap as ons iets sien wat ons raak. Of dit n mooi lied is, of n voel wat haar kleintjies voed. Of selfs as ons span wen... Ons wil hande klap. Dit kom net natuurlik. Om God te loof, is nie n reseppie om God te laat glimlag nie, dit God wat so groot is dat Hy ons intens raak, en dit bring my by spontane aanbidding.

Laat U koninkryk kom, Laat U wil hier op aarde uitgevoer word soos in die hemel. EHt jy al agter gekom, dat as jy n rukkie in bgebed verkeer, soms sommer voor ons nog bid, is dat ons outomaties begin dink aan die dinge wat ons bekommerd maak of ontstel. HIerdie deel van die gebed help my fokus op die dinge waarmee God besig is. Bring dit wat in U koninkryk gebeur, sigbaar, naby, n realiteit in die wereld wat rondom my gebeur. Het jy al in n winkelstentrum n bord gesien wat vir jou se waar jy nou is... in gebed... Ek is nou in God se koninkryk. Nie in my eie klein wereldjie nie. Maar in God se plan. En ek wil deel wees van God se projek hier op aarde. Dit bring my by n daaglikse oorgawe... Laat U wil ook in my geskied. Ek gee oor.

Gee my vandag my daaglikse prosie brood. Here, hier is my program vir vandag. Sal U my help met die dinge waarmee ek vandag uitgedaag gaan word? Dit veretl ook dat jy vertroue het in God om jou deur elke dag te dra. Mense in hul eie koninkryke is bekommerd oor more en volgende week. Mense volledig oorgegee in God se hande is tevrede met vandag.

Vergeef ons ons sonde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe... mense vra dikwels hoe gerredl moet ek my sonde belei. Dis soos om die vuilgoedsak in die asblik te gaan gooi. Dallas Willard vertel die storie van sy kleinkind wat in die modder gespeel het. Ouma het dit gesien en alles mooi skoon gemaak. Maar kleinding wou in die modder speel. En elke nou en dan het sy vir ouma gese... Moenie vir my kyk nie, Ouma! Dis wat gebeur as ons sonde doen. Ons vra vir God om eerder weg te kyk. Ek wil nie nou optree soos n kind van God nie. Ek wil my eie ding doen. Los my net n bietjie uit. Daarom moet ek hierdie deel van die gebed elke dag bid. Kyk na my. Oral waar ek gaan in hierdie dag.

Soos ons ons skuldenaars vergewe. Het jy al agter gekom... Dis onmoontlik om God se hart in jou te he, terwyl jy n harde hart het teenoor iemand anders. Het jy al reggekry om te bid... here, help my om hierdie wrewel in my hart te koester totdat die dag reg is om my kollega reg te sien. Nee, dit werk nie so nie. Elke keer as ek iemand wil aanvat en uitsorteer se ek eintlik... Moenine na my kyk nie, Here!

Bewaar ons sodat ons nie in verleiding kom nie.  Maar bevry ons van die greep van die Bose.  Here, gee my die krag om nie afbrekende gewoontes in my lewe toe te laat nie. Iemand gaan my lei!  Wie sal dit wees?

Here, wys my die pad.

Gebed is n intieme, persoonlike gesprek met n Almagtige lewende en teenwoordige God.

Ons Vader…

Wat in die hemele is…

Laat U naam geheilig word…

Laat U koninkryk kom…

Laat U wil op aarde uitgevoer word soos in die hemele…

Gee ons die porsie brood wat ek vir vandag nodig het…

En vergeef ons ons sondeskuld sodat ons ook ons skuldenaars vergewe…

Bewaar osn sodat ons nie aan verleiding sal toegee nie…

Maar bevry ons van die greep van die Bose.

Here, maar my gebedslewe iets wat my daagliks nederig voed by U voete.  Amen.